PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **9 OKTOBER 2012**

Kantoor: LA Sport, 19de Straat no.27, Industria.
Tel. No. 015 297 8267
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Bertus Visagie Tel. No. 083 495 5134 e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Rudi Myburgh heet almal teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| 1.2 | **Verskonings / Apologies**<br>Stephan Coetsee, Ockert Fourie, Lappies Labuschagne, Nico Bierman, Braam Els, Kobus Burger, Sakkie Labuschagne, Callie Mouton, Frans Roos, Stan Rodgers, Gerhardt de Villiers, Ivan Wilkenson, Johan Kapp, Jaco Jooste. | Almal |
| 1.3 | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.4 | **Mosies / Motions**<br>Nico Wepener word geluk gewens nadat hy oupa geword het. | Almal |
| 1.5 | **Korrespondensie / Correspondence**<br>Geen korrespondensie is ontvang nie. | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | | Almal |
| **1.6** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.6.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes | Almal |
| | Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 14 Augustus 2012. | |
| | 1.6.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes | |
| | Punt 1.10: Verander Bie na Die. | |
| | 1.6.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by | |
| | Nico Wepener | |
| | 1.6.4 Gesekondeer deur / Seconded by | |
| | Bertus Visagie | |
| **1.7** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.7.1 BJV Jeugaksie | |
| | Niks word gerapporteer nie. | Stan Rodgers |
| | 1.7.2 PMP Skiet – 15 September 2012 | |
| | Rudi rapporteer dat die dag `n groot sukses was. 104 skuts het deelgeneem en 408 teikens is verkoop. Danie Brits het die Howa geweer gewen. Rudi bedank almal wat kom help het. | Rudi Myburgh |
| | 1.7.3 Debiet orders | |
| | Rudi noem dat daar debietorder forms saam met die Impala gepos is. Lede moet dit asseblief voltooi en na Debbie faks of neem. Ledegelde is weer betaalbaar van 1 September 2012 vir die 2012/13 jaar. Lede wat die debiet order voltooi sal nog tot die einde van 2012/13 die 2011/12 ledegelde betaal. | Rudi Myburgh |
| | 1.7.4 Algemene Jaarvergadering – Pietersburg | |
| | Rudi rapporteer dat die AJV plaasgevind het op 11 September 2012. Tydens die vergadering is Bertus Visagie as onder-voorsitter verkies. | Almal |
| | 1.7.5 Kalender 2013 | |
| | Rudi rapporteer dat die kalender byna gefinaliseer is. Hulle wag net vir Uitvoerend se datums, dan kan die kalender gedruk word.Daar is al nege borge. Die plan is om elke skietdag aan `n borg toe te ken. Tydens die dag sal die borg dan ook bemark word. | Rudi Myburgh |
| | 1.7.6 Skietbaan | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Rudi rapporteer dat hy met Tinus gesels het oor die probleme wat geopper was tydens die laaste vergadering. Veiligheid sal aangespreek word. Skuts moet aandring op `n kwitansie indien hulle op die baan betaal het. Betaling is ook per dag en nie per besoek nie. | Rudi Myburgh |
| | Bertus Visagie rapporteer dat hy `n vergadering bygewoon het oor die bestuur van die baan. Die huidige huur kontrak met die stadsraad verval aan die einde van Oktober 2012. `n Voorstel was gemaak dat `n nuwe bestuur, wat bestaan uit lede van al die verenigings, die bestuur van die baan oorneem. Pins en praktiese pistoolskiet was egter nie by die vergadering verteenwoordig nie. `n Opvolg vergadering sal plaasvind. | Bertus Visagie |
| **1.8** | **Opleiding / Training** | |
| | 1.8.1 Geen opleiding het plaasgevind sedert die laaste vergadering nie. | Stan Rodgers |
| **1.9** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters** | |
| | 1.9.1 Algemeen | |
| | Rudi versoek weer dat bewyse van jagte so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Toegewyde jagters moet ook sorg dat hulle ledegelde vir die 2012/13 jaar op datum is. | Toegewyde jagters |
| | 1.9.2 Nuwe goedkeurings | |
| | Rudi Myburgh rapporteer dat daar geen nuwe aansoeke was gedurende die afgelope maand nie. | Almal |
| **1.10** | **Finansieëleverslag / Financial report** | |
| | Ben Redelinghuys lewer sy verslag. Die verslag word aan die oorspronklike notule geheg. | BRedelinghuys |
| **1.11** | **Sosiaal / Social** | |
| | Almal word uitgenooi om te kom saam eet. Tak betaal R25.00 en lid die res van die koste. | Almal |
| **1.12** | **Skietdae** | |
| | 1.12.1 Rondomtalie Skietdag (Terugvoer) – 18 Augustus 2012 | |
| | Dennis Trynor rapporteer dat die dag goed bygewoon is en `n sukses was. Dennis lees die name van die wenners voor, asook die name van die wenners van 21 Julie 2012. | Dennis Traynor |
| | Nico Wepener stel voor dat geborgde pryse tydens skietdae in 2013 nie aan die wenners toegeken word nie, maar deur `n trekking toegeken word aan deelnemers. Dit sal voorkom dat | Dennis Traynor |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | dieselfde skuts elke maand die pryse ontvang. Die voorstel word algemeen aanvaar.<br>1.12.2 Skietdag – 20 Oktober 2012<br>Rudi rapporteer dat die skietdag weer `n Chasa Posliga en .22 kompetisie sal wees. Daar sal ook kleiduiwe geskiet word. Lede wat toegewyde sportskuts wil word moet minstens twee posliga kompetisies in `n jaar skiet. | Dennis Traynor |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **Algemene Jaarvergadering**<br>Rudi rapporteer dat die vereniging se Algemene Jaarvergadering op 27 Oktober 2012 om 9:00 in die saal sal plaasvind. Lede word aangemoedig om die vergadering by te woon. Tydens die vergadering sal daar ook `n nuwe Uitvoerende bestuur verkies word. | Almal |
| **2.2** | **Trofee kompetisie**<br>Trofee meting vind plaas tydens 20 Oktober 2012 se skietdag. Uitslae sal deurgestuur word na Uitvoerend vir die Vereniging kompetisie. | NW Ligthelm |
| **2.3** | **Afsluitings funksie**<br>Rudi rapporteer dat die tak se afsluiting na 20 Oktober 2012 se skietdag sal plaasvind. Trofees vir die skut van die jaar sal ook dan uitgedeel word. Die funksie sal om 14:00 begin. | Rudi Myburgh |
| **2.4** | **Intertak skietdag**<br>Rudi rapporteer dat die intertak skietdag op 13 Oktober 2012 sal plaasvind. Waterberg bied die dag aan. Pietersburg skryf twee spanne in. | Rudi Myburgh |
| **2.5** | **Chasa raadsvergadering**<br>Nico rapporteer dat BJV die laaste Raadsvergadering aangbied het by Klein Kariba. Die vergadering het goed afgeloop. | Almal |

## 3. ALGEMEEN<br>GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| | Geen bespreking het plaasgevind nie. | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal plaasvind op 13 November 2012 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi Myburgh bedank almal vir hulle insette gedurende die vergadering. Almal word uitgenooi om saam te kom eet en sosiaal te verkeer. Rudi sluit die vergadering met `n gebed af. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________
Sekretaris Datum

____________________ ____________________
Voorsitter Datum